South African Revenue Service

social development
Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Financial Intelligence Centre

# PERSVERKLARING

9/5/1/3

**SONDER WINSBEJAG-SEKTOR IN SUID-AFRIKA BEKYK VIR BLOOTSTELLING AAN TERRORISTEFINANSIERINGSRISIKO**

**18 April 2024** - Die Suid-Afrikaanse regering en vennote in die privaat sektor het 'n verslag vrygestel oor die terroristefinansieringsrisiko-assessering van die sektor vir organisasies sonder winsbejag (NPO's), wat sal lei tot gefokusde, eweredige en risiko-gebaseerde maatreëls om die geïdentifiseerde risiko's te mitigeer.

Die verslag word vandag en môre, 18 en 19 April, bekendgestel.

Die risiko-assessering van die sektor is ingevolge die Finansiële Aksietaakmag (FATF) se globale standaarde om geldwassery en terroristefinansiering te bestry, asook Suid-Afrika se opvolgende aksieplan om FATF se gryslys van 2023 aan te spreek. Die FATF is 'n interregeringsliggaam wat globale standaarde en maatreëls stel vir die bestryding van geldwassery en terroristefinansiering. As lid van die FATF is Suid-Afrika verplig om aan hierdie standaarde te voldoen.

Die globale standaarde van die FATF, vereis dat lande periodies die terroristefinansieringrisiko's identifiseer en assesseer waaraan organisasies wat fondse insamel of versprei vir goeie werk, blootgestel word.

Waarnemende direkteur van die Finansiële Intelligensiesentrum (FIC), Pieter Smit, het gesê: "Om die bepaalde terroristefinansieringrisiko's waaraan Suid-Afrikaanse NPO's blootgestel is te verstaan en gereeld te assesseer, bly die beste maatreël om hulle misbruik en uitbuiting te bestry.

"Die assessering sal ons begrip vergroot van die risiko's van terroristefinansiering wat NPO's in Suid-Afrika in die gesig staar. Die bevindinge sal ons help om

maatreëls te formuleer om die misbruik van NPO's vir terroristefinansiering te voorkom of te mitigeer."

Die risiko-assessering, wat 'n opname van 301 NPO's, data-indienings van verskeie instansies (bv. wetstoepassing, regulerende en toesighoudende instansies, intelligensie-agentskappe en finansiële instansies) ingesluit het, het verskeie sleutelbepalings gemaak.

- Die risiko-assessering het vyf hoofterroristefinansieringsbedreigings geïdentifiseer wat die potensiaal het om NPO's uit te buit om fondse in te samel of te beweeg, wat terroriste organisasies kan ondersteun of gebruik kan word in die uitvoer van terroriste-aktiwiteite.
- Die assessering beskryf ook die aard van sodanige uitbuiting wat moontlik kan gebeur.
- Daarby beskryf die assessering vyf inherente kwesbaarhede van NPO's wat geteiken kan word vir die doel van terroristefinansieringmisbruik - elkeen van afwisselende vlakke van merkwaardigheid en voorkoms.

Onder die aanbevelings in die verslag is die beroep op 'n meer geteikende benadering in die hantering van NPO's met 'n hoër risiko van terroristefinansiering en die inherente kwesbaarhede wat geïdentifiseer is.

Die sameroeper van die tegniese span, Bernice Bissett, het gesê: "As 'n land en as belanghebbendes en lede van die Suid-Afrikaanse NPO-sektor, kan ons baie trots wees, want ek glo dat hierdie slegs die begin is van samewerking tussen die verskeie privaat en openbare sektorvennote en die NPO-sektor.

Dit is die eerste sektorale risiko-assessering van sy soort in die Suid-Afrikaanse NPO-sektor en dit lê die fondasie vir menige ander projekte, toekomstige navorsing en uitreiking binne die sektor en verder."

Die terroristefinansieringsrisiko-assessering van die NPO-sektor is 'n samewerkende inspanning tussen regeringsvennote - insluitend die FIC, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) - openbare en privaat sektor organisasies, NPO's en sambreelorganisasies.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê: "SARS verwelkom die vrystelling van Suid-Afrika se eerste nasionale terroristefinansieringsrisiko-assesseringverslag oor die NPO-sektor. Die verslag stel 'n nuwe basis vas, 'n verwysingspunt wat verdere beleidontwikkeling in die sektor op 'n risiko-gebaseerde metodologie vorm. Bowenal, weerspieël die verslag en die samewerkende benadering wat in sy ontwikkeling gevolg het, wat vermag kan word wanneer ons saamwerk - nie net as regeringsreguleerders nie, maar onontbeerlik met ons belanghebbendes in die siviele gemeenskap.

"Ons hoop dat dit die weg baan vir toekomstige werk in hierdie sektor - waar SARS met die hele regering saamspan om kwesbaarhede aan te spreek, welke op beleidsvlak of in die dag-tot-dag bedrywighede van NPO's. Ons moet hierdie kwesbaarhede identifiseer sodat ons die integriteit van organisasies sonder winsbejag, wat 'n lewensbelangrike rol in Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ontwikkeling speel, kan beskerm."

Dr. Hendrietta Bogopane-Zulu, adjunk-minister van maatskaplike ontwikkeling, het gesê: "Ek moet regtig die span loof wat hard gewerk het met die uitvoer van die studie om te bepaal watter NPO's kwesbaar is. As 'n departement met die verwagting om NPO's te reguleer en toesig oor hulle te hou, sal hierdie verslag ons in staat stel om die toepaslike NPO-toesigmaatreëls in plek te stel, ingelig deur 'n wetenskaplike proses in die beskerming van NPO's.

Die NPO-risiko-assessering sal ook verseker dat NPO's wederkerig die maatreëls en standaarde nakom wat deur FATF ingestel is om hulle te beskerm. Die skakelingsessie vandag sal insig en begrip verskaf van kenmerke en soorte NPO's wat kwesbaar is, asook die aard van die bedreiging binne die Suid-Afrikaanse konteks. Na hierdie bekendstelling, het die departement steeds 'n reuse taak van bekend- en bewusmaking aan wyer belanghebbendes en NPO's, sodat hulle bewus kan wees van die kwesbaarhede en bedreigings wat NPO's in die gesig staar. Ek wil graag die departement se toegewydheid uitspreek in die nastrewe van hierdie stuk werk, in die lig van NPO's wat ernstig op ons staatmaak vir beskerming teen hierdie fenomeen van terroristefinansiering en ander finansiële misdade."

Suid-Afrika het tegniese bystand ontvang van die Europese Unie (EU) se globale fakulteit vir teengeldwassery en teenterroristefinansiering (EU se globale fakulteit vir AML/CFT) in die ontwikkeling van die sektorale risiko-assessering ten opsigte van NPO-terroristefinansiering. Die risiko-assessering is voltooi met gebruik van 'n metodologie wat deur Greenacre Groep verskaf is.

EU se globale fakulteit vir AML/CFT se spanleier, David Hotte, wat die verslagvoorleggingseremonie bygewoon het, het gesê: "Die EU se globale fakulteit wens Suid-Afrika geluk met die suksesvolle voltooiïng van sy terroristefinansieringsrisiko-assessering van die NPO-sektor. Hierdie mylpaal weerspieël die land se toegewydheid tot FATF se agtste voorstelling en lui 'n deurslaggewende strewe in jeens 'n meer ingeligte en gebalanseerde benadering in die mitigering van potensiële risiko's. Ons loof die samewerkende inspanning wat hierdie assessering gedryf het, gekenmerk deur robuuste NPO-skakeling - 'n praktyk wat as beste deur FATF bestempel word."

**Klik hier** om die verslag af te laai.

**Vir meer inligting, stuur asseblief 'n e-pos aan:**

- **Finansiële Intelligensiesentrum** - media@fic.gov.za
- **Suid-Afrikaanse Inkomstediens** - SARSMedia@sars.gov.za
- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling** - Lumkao@dsd.gov.za